



Laerskool Standerton: Skoolreëls

Ten bevordering van dissipline en t.o.v. die veiligheid van leerders het die Bestuursliggaam die volgende skoolreëls goedgekeur:

1. Persoonlike Versorging:

Dogters:

- Skoon gewas en hare kortgeknip of netjies vasgemaak.
- Lengte: Los hare moet vasgemaak word as dit oor die kraag hang.
- Gordyntjie: Moet 'n vingerbreedte bokant wenkbrou wees.
- Linte: Maroen, wit of swart.
- Rekkies: Maroen, wit of swart.
- Knippies: Bruin, goud of silwer knippies.
- Geen jel in die hare nie.
- Hare mag nie gekleur of permanent gegolf word nie.
- Haarstukke wat lank is, moet vasgemaak word. Dit mag nie 'n ander kleur wees as die natuurlike haarkleur nie.
- Oorbeltjies: slegs knoppies of klein ringetjies van goud of silwer mag gedra word.
- Slegs silwer of goue seëlringe word toegelaat.
- Geen armbande of armrekkies word toegelaat nie.

Seuns:

- Skoon gewas en netjies in gewone kort seunstyl geknip.
- Geen "Steps" of stertjies in nek en moet verskil van die van 'n dogter.
- Geen oorbelle in die ore.
- Geen hare gekleur of met strepies.
- Geen moderne haarstyle: "over-comb" of "under-cut" word toegelaat nie!

Naels: (Seuns & Dogters)

- Skoon & kortgeknip
- Geen naelpolitoer (cutex) aan naels nie.

2. Skooldrag

Dogtersklere:

- Somersdrag

- Maroen Skoolbaadjie
- Maroen 'pullover' of trui
- Maroen Skoolrok
- Maroen Skoolkouse
- Swart Skoolskoene

- Vrydag-klere: Stannie Maroen-en-wit hempie en swart Stannie-broekie, tekkies met wit of maroen skoolkouse.

Seunsklere:

- Somersdrag

- Maroen Skoolbaadjie
- Maroen 'pullover' of trui
- Grys Kortbroek
- Wit kortmou hemp
- Grys Skoolkouse
- Swart Skoolskoene

- Vrydag-klere: Stannie Maroen-en-wit hempie en swart Stannie-broekie, tekkies met wit of maroen skoolkouse.

- Wintersdrag

- Maroen Skoolbaadjie
- Maroen 'pullover' of trui
- Swart Langbroek
- Wit Langbou hemp
- Skooldas
- Maroen / Swart skoolkouse
- Swart Skoolskoene

- Wintersdrag

- Maroen Skoolbaadjie
- Maroen 'pullover' of trui
- Grys Langbroek
- Wit Langmou hemp
- Skooldas
- Grys Skoolkouse
- Swart Skoolskoene

Windjakker: Maroen seil windjakker. Geen softshell baadjies

Skoolserpe, handskoene: effekleur swart/wit of maroen

Sweetpak: Maroen Stannie sweetpak (word slegs gedra met sportgeleenthede en Vrydae as dit koud is) met tekkies. Geen modetekkies word toegelaat nie.

3. Tydens Klaswisseling:

1. Klasse roteer in vierkant antikloksgewys
2. Wag in klas dat bewegende rye eers verbystap
3. Stap vinnig en stil. Klasleiers sien toe dat reëls nagekom word.



Laerskool Standerton: Skoolreëls

4. Voorskool

1. Die skool begin 07:25. Die hekke word gesluit as die klok in die oggend lui.
2. Almal moet betyds wees.
3. Sit tasse, in netjiese rye voor klasse neer en gaan dadelik na speelgrond.
4. Leerders moet af- en opgelaai word by die koshuis se parkeerarea of by die area naby die Juniorklasse.
5. Leerders mag nie by die voorhek op- of afgelaai word nie!

5. In klasse

1. Uit respek staan ons op as die hoof in die klas kom en groet vriendelik.
2. Absolute stilte in klas indien onderwyser dringend uitgeroep word.
3. Geen eetgoed in klasse.
4. Niemand mag die skoolbanke bekrap nie.

6. Terrein

1. Geen leerder mag die terrein verlaat gedurende skoolure, sonder toestemming van die hoof nie.
2. Geen wanordelike gedrag tydens skoolure of daarna sal op of om die terrein toegelaat word nie.
3. Geen rommelstrooiery sal toegelaat word nie.
4. Geen leerder word sonder toestemming tussen onderwysers se voertuie toegelaat nie.
5. Leerders word verantwoordelik gehou vir die netheid en skoonmaak van die terrein en klaskamers.

7. Skolierpatrolie

Dit is die leerder se eie verantwoordelikheid om die skolierpatrolie ten alle tye te gehoorsaam en die gebruik van hierdie diens geskied op eie risiko.
Die skolierpatrolie is slegs in die oggende op diens vanaf 07:10 - 07:25 wanneer die skool begin.

8. Kleedkamers

1. Slegs een leerder op 'n keer mag uit 'n lokaal verskoon word om na die kleedkamers te gaan.
2. Slegs een leerder op 'n slag mag binne 'n toilet wees.
3. Geen spelery of kattedwaad word in die kleedkamers toegelaat nie.

9. Saal

1. Geen leerder mag in die saal wees sonder 'n onderwyser se teenwoordigheid nie.
2. Geen verversings mag in die saal ingeneem word nie.

10. Tasse en boeke

1. Die tas moet geskik wees vir die boeke. Geen seiltasse sonder afkortings word toegelaat nie.
2. Tasse moet in een hand of oor albei skouers op die rug gedra word en mag nie oor een skouer geslinger word nie.
3. Tasse moet altyd skoon en netjies wees.
4. Alle boeke moet oorgetrek wees.
5. Daar mag nie op die tasse gekrap of geteken word nie.
6. Die groot plastiese tasse mag nie deur die gang en portaal getrek word nie. Leerders moet dit dan dra.



Laerskool Standerton: Skoolreëls

11. Handboeke

1. Elke leerder is verantwoordelik vir al die handboeke wat aan hom uitgereik is.
2. Handboeke mag nie beskadig word nie en dit mag ook nie verlore gaan nie.
3. Indien dit gebeur moet die leerder die handboek betaal sodat die skool dit kan vervang.
4. Leerders mag glad nie in enige handboeke skryf of dit knip nie.
5. Handboek kontrole word een keer per maand gedoen.
6. Indien u kind 'n vernielde handboek ontvang het, het hy/sy tot middel Januarie om dit aan te meld by die vakonderwyser sodat dit omgeruil kan word.
7. 'n Leerder mag eksamen skryf, maar sy/haar vraestel mag nie gemerk word, alvorens die handboekgelde betaal is nie!
8. Indien 'n handboek beskadig of weg is, moet die leerder die volgende betaal om dit te vervang:
R200 per handboek
R150 per leesboek

12. Selfone

Leerders mag selfone by hul hou, maar die volgende reëls geld:

1. Dit mag nie pouses, in die klas of tydens klaswisseling gebruik word nie.
2. Dit mag nie sigbaar of hoorbaar wees nie.
3. Indien die reëls nie nagekom word nie, sal die leerder se selfoon na die Skoolkantoor geneem word. Die leerder kan dit dan terugkry as hy/sy 'n boete van R100-00 betaal het.
4. Geen leerder mag sy/haar ouers bel as hy/sy siek is nie. Dit moet deur die kantoor gedoen word, sodat ons kontrole kan hou.

13. Pouse

1. Tydens pouse moet leerders na hul afgebakende speelterrein, soos aan hulle bekend gemaak is, beweeg. Geen leerder mag tydens pouse in die klaslokale of op die stoepe wees nie, tensy saam met 'n onderwyser of met die nodige toestemming.
2. Nadat pouse verby is, mag geen leerder water drink, hande was of kledkamers besoek nie.
3. Groter leerders mag nie inmeng met die kleiner leerders nie.
4. Leerders moet onmiddelik reageer as die klok lui.

14. Stuur van Leerlinge

'n Leerder moet 'n toestemmingskaartjie kan toon, as hy gestuur word.

15. Dissipline-kaart

1. Elke leerder het 'n dissipline-kaart waar oortredings aangeteken word onder verskillende kategorieë.
2. Indien 'n leerder drie keer dieselfde oortreding gehad het, word sy/haar ouers gekontak deur 'n departementshoof.
3. Na ses oortredings word u weer deur die Adjunkthoof gekontak.
4. Indien 'n leerder nege van dieselfde oortredings op sy/haar dissipline-kaart het, word die ouers versoek om die hoof te kom sien. (bv. nege oortredings by 'Huiswerk nie gedoen nie')
5. 'n Kaartstelsel vir positiewe gedrag en optrede is ook inwerking.
6. Indien 'n Graad 4 -7 Leerder 9 inskrywings van een oortreding het, mag hy/sy vir die res van die jaar geen sokkies bywoon nie.

16. Leiers

1. Leiers wat meer as 9 oortredings in een kategorie op hulle dissipline-kaart het se balkies sal weggeneem word. Hulle mag ook dan nie die Graad 7 afskeid aan die einde van die jaar bywoon nie.
2. Alle graad 6 leerders word leiers. Die volgende leiers word gekies: 'n hoofseun en hoofdogter, 3 onderhoofseuns, 3 onderhoofdogters en voorsitters.
3. Graad 6 Leerders wat 9 oortredings in een kategorie deur die jaar gekry het, sal nie in aanmerking kan kom om 'n leier te word nie.



Laerskool Standerton: Skoolreëls

17. Afwesighede

1. Indien 'n leerder langer as twee dae afwesig is, moet 'n doktersbrief by die voogonderwyser ingehandig word.
2. Met alle ander afwesighede moet 'n brief van die ouer by die voogonderwyser ingehandig word.
3. 'n Leerder moet 2 ure by die skool wees om teenwoordig gemerk te word. Indien 'n leerder later in die dag by die skool opdaag is dit die leerder se plig om dit onder die aandag van die voogonderwyser te bring om sodoende aanwesig gemerk te word.
4. Leerders wat a.g.v. skoolaktiwiteite nie by die skool kan wees nie omdat hulle die skool verteenwoordig as 'n individu of in spanverband by 'n georganiseerde aktiwiteit, sal nie afwesig gemerk word nie.
5. Indien 'n leerder nie tydens 'n toets of eksamen by die skool kan wees nie, word die jaarpunt (deurlopende evaluering) in ag geneem. Geen toets of eksamen kan voor of na die gegewe tyd en datum afgelê word nie.
6. Indien ouers hulle kinders vroeër wil afhaal, moet hulle deur die betrokke persoon by die kantoor uitgeteken word. Indien dit nie deur die ouer of voog is nie, moet die verantwoordelike persoon 'n brief van die ouer of voog inhandig.
7. Ouers word versoek om nie ernstige siek kinders skool toe te stuur nie, dit benadeel net die kind en siektes kan so aan die ander leerders oorgedra word.
8. Indien daar vermoed word dat 'n leerder "stokkiesdraai", sal die ouers gekontak word. Onnodige wegbly van die skool, kan 'n leerder se akademiese vordering erg stem.
9. **Indien 'n leerder afwesig is met 'n assesseringsaktiwiteit, toets of eksamen moet hy/sy 'n Doktersbrief inhandig om 'n nul-punt te verhoed.**
Geen leerder mag in kwartaal op vakansie gaan nie!

18. Algemeen

1. Groet die hoof, personeel en besoekers altyd vriendelik.
2. Geen kougom mag gekou word in ons skool nie.
3. Niemand mag deur beddings loop of daarin speel nie.
4. Niemand mag in die vierkant speel nie.
5. STAP op die stoepe, niemand mag hardloop op die stoepe nie.
6. Geen troeteldiere mag skool toe gebring word nie.
7. Leerders mag nie deur die voorportaal stap nie, behalwe as hy/sy vergesel word deur 'n onderwyser of volwassene.
8. Geen vuiltaal word toegelaat nie.
9. Absolute stiptelikheid ten opsigte van skooltye word vereis.
10. Die skryf van slagspreuke of enige ander iets op die geboue of enige eiendom van die skool is verbode.
11. Indien 'n leerder die skool se eiendom beskadig of breek, moet die ouers/leerder dit op hul koste herstel.
12. Leerders mag glad nie in die nuwe tuin voor die Personeelkamer speel nie. Leerders moet op die stoepe loop indien hulle uit of in die skool beweeg.

Wenke vir Ouers

- Wees betrokke by u kind en al sy aktiwiteite: akademie, sport en kultureel.
- Raak betrokke by ouerkomitees en aktiwiteite. U gaan baie en goeie vriendskappe sluit deur u kind.
- Help hom/haar met die huiswerk maar moet dit nie vir hom/haar doen nie.
- Woon oueraande en inligtingsaande by
- Bespreek probleme eers met die betrokke onderwyser om 'n oplossing te vind.
- Moedig u kind aan om die onderwysers en skool se gesag te aanvaar.
- Moenie afbrekend van die skool of 'n onderwyser voor u kind praat nie.
- Dra Laerskool Standerton se goeie naam uit. U is ons beste bemarkers.
- Die personeel en u, as ouers is in vennootskap met u kind se opvoeding en wil vir hom/haar net die beste doen.
- Voltooi en stuur afskeurstrokies dadelik terug na u kind se registeronderwyser om verleenheid vir u kind te spaar.
- Geen take mag by die huis gedoen word nie. Indien dit gebeur, meld dit asb by die Adjunkhoof of die Hoof aan.